

Die kanoniese benadering van Childs: 'n Paradigma-skuif?¹

G F Claassen
(UP)

ABSTRACT

The canonical approach of Childs: A paradigm shift?

It is said that the canonical approach by Childs represents a paradigm shift. Accordingly it is stated that Childs operates a-historically. This article hypothesised that the canonical approach still finds itself in the mainstream of historical criticism. Childs depends on the result of the historical critical method for the implementation of his approach. Childs still finds himself in the same cadre as his mentors Karl Barth and Gerhard von Rad. He can therefore not be labelled as a-historical.

1 INLEIDEND

Die kanoniese benadering van Brevard Childs het wye reaksie uitgelok en oefen groot invloed uit. Die effek van dié benadering word ook binne die Suid-Afrikaanse teologiese milieu ervaar, alhoewel nie so intens as binne die Amerikaanse en Europese konteks nie. Binne die Suid-Afrikaanse vak-literatuur² is daar slegs enkele artikels waarin aandag gegee word aan die kanoniese benadering.

Childs stel 'n nuwe benadering voor in 'n tyd toe Ou-Testamentiese wetenskap deur die histories-kritiese metode oorheers word. Hierdie benadering word deur Childs³ die kanoniese benadering genoem. Volgens Childs is dit 'n benadering wat aan die Bybel in sy geheel aandag gee. Om hierdie rede fokus die benadering op die kanoniese konteks van 'n teks. Die kanoniese konteks is veel meer as net die finale vorm van die teks in die Ou en die Nuwe Testament. Childs⁴ beskou ook die kanoniese vorming, dit is die proses van versameling, ordening en oorlewering van gesagsvolle tekste, as deel van die kanoniese konteks. Die kanoniese benadering is volgens Childs⁵ 'n deskriptiewe, objektiewe en teologiese onderneming. Childs beskou die kanoniese benadering as 'n belangrike korrektief op die hantering van die historiese kritiek soos dit deur die *Biblical Theology Movement* gebruik is. Teen hierdie agtergrond moet daar gekyk word na die kanoniese benadering van Childs.

Binne die Suid-Afrikaanse teologiese konteks⁶ word daar met 'n verskeidenheid eksegetiese metodes geëksperimenteer. Daar word gesoek

na alternatiewe om 'n teks te lees. 'n Realisme is te bespeur ten opsigte van die feit dat die historiese kritiek nie al die antwoorde bied nie. Childs se benadering bied homself aan as 'n alternatief op die histories-kritiese lees van die teks. Om hierdie rede moet daar ook van Childs binne die Suid-Afrikaanse teologiese konteks kennis geneem word. Wat die benadering van Childs belangrik maak, is die feit dat die persepsie bestaan dat sy benadering 'n paradigmaskuif verteenwoordig. Die persepsie bestaan dat Childs se kanoniese benadering 'n beweging weg van die historiese kritiek na 'n post-kritiese benadering toe is. Childs sou hom dan nie meer in die dampkring van sy mentors, naamlik van Barth en von Rad, bevind nie. Dit sou ook beteken dat Childs nie meer van die histories-kritiese metode of die resultate van dié metode gebruikmaak nie. In 'n proefskrif⁷ getiteld: Die kanoniese benadering van B S Childs, word hierdie aanname ondersoek. In hierdie artikel word gepoog om onder andere antwoorde te kry op die volgende vrae: Werk Childs a-histories en bied sy poging 'n alternatief op die ortodokse hermeneutiek? Verteenwoordig die kanoniese benadering van Childs 'n paradigmaskuif? 'n Antwoord op hierdie vrae hang af van die feit of Childs beïnvloed is deur die teologiese sisteem waarbinne hy opgegroeï het en uiteraard deur sy verhouding tot die histories-kritiese metode.

2 DIE INVLOED VAN KARL BARTH EN GERHARD VON RAD

Ten einde B S Childs te evalueer, is dit belangrik om hom vanuit sy teologiese konteks te beskou. In dié geval moet daar na Childs se teologiese familie van herkoms gekyk word. Die ontmoeting wat Childs⁸ in sy studiejare aan die Universiteit van Basel met Karl Barth gehad het, het 'n blywende indruk op hom gemaak. Dit word gereflekteer in sy persepsie van die rol wat geskiedenis moet speel by die lees van 'n teks en daarmee saam die rol van die histories-kritiese metode. Geen ander teoloog se naam kom so gereeld in die bibliografie van Childs voor as juis Barth nie: "His indebtedness to Karl Barth and the Reformers is greater than his explicit references suggest"⁹. Sowel Childs as Barth se teologie is pogings wat gebore is uit die dialektiese spanning tussen die teologiese en historiese aspekte van die Bybel.

Dit is veral ten opsigte van die hoeksteen van Childs se benadering, naamlik die kanon duidelik. Barth¹⁰ sien die kanon nie as 'n dogmatiese skepping deur die kerk nie, maar eerder as die erkenning van God se openbaring. Die kanon kan nie los van die kerk gesien word nie. Die kanon gaan volgens Barth¹¹ hand aan hand met die teologiese inhoud van die teks

en met die historiese vorming daarvan. Vir Childs gaan dit ook om 'n teologiese waardering van die kanon. By sowel Childs as Barth¹² is die hele kanon die geskrewe woord van God en daarom bied die kanon vir beide van hulle die konteks van eksegeese. Sowel Barth as Childs¹³ gebruik die kanon as vertrekpunt van hulle eksegetiese arbeid.

In *Myth and reality* toon Childs¹⁴ groot ooreenstemming met Barth oor die Christelike aard van Ou-Testamentiese eksegeese. Dit is egter ook ten opsigte van die historiese kritiek dat daar groot raakpunte tussen Childs en Barth is. Volgens Childs¹⁵ verabsoluteer Barth nie die historiese kritiek nie. In die praktyk steun Barth dan volgens Childs nie op die historiese kritiek nie alhoewel dit deel uitmaak van sy hermeneutiese mondering. Die teks moet aan die orde kom soos dit daar staan, alhoewel die historiese ondersoek na die teks ook vir Barth belangrik is. Die historisiteit van die teks moet in eenheid met die teks gesien word, maar dit kan nooit op die voorgrond wees tydens die interpretasie van die teks nie.

Barth lê ook 'n belangrike klem op die finale vorm van die teks. Hy word gesien as die oorspronklike formuleerder van hierdie siening¹⁶. Barth, soos Childs, se belangstelling is 'n teologiese een. Om dit te verseker moet 'n teks binne die konteks van die Ou en die Nuwe Testament gelees word. Childs, soos Barth¹⁷, meen dat enige wetenskaplike poging om agter die teks in te kom tot 'n teologiese negering van die teks lei. Dit is ook duidelik dat hy nie net in 'n bepaalde fase deur Barth beïnvloed is nie, maar ook in die resente werke van Childs¹⁸ kan die invloed van Barth raakgesien word.

Dit is ook moontlik dat Childs via die werk van von Rad deur Barth beïnvloed is. Barth het 'n invloed op die heilshistoriese benadering van von Rad gehad. Gerhard von Rad het op sy beurt naas Barth die grootste invloed op Childs gehad. Dit is veral die wyse waarop Childs tradisie-kritiek en vormkritiek hanteer wat sterk aan von Rad herinner. Childs¹⁹ het 'n waardering vir von Rad²⁰ se pogings om meer holisties te werk. Childs, soos von Rad²¹, lê klem op die teks self. Die begrip *Nacherzählung* wat deur von Rad²² gebruik word, het 'n invloed op die wyse waarop Childs sy konsep van kanoniese vorming gebruik. Deur redaksiekritiek het von Rad aangetoon hoe elke laag teologies geïnterpreteer is vir 'n nuwe situasie. Om die Skrif vir die kerk te aktualiseer is een van Childs²³ se groot doelwitte in die implementering van die kanoniese benadering.

Ook die klem wat von Rad²⁴ op die *Vergegenwärtigung* van die ou tradisies deur 'n nuwe geslag plaas, het 'n invloed op Childs uitgeoefen. Vir Childs is die aktualisering van die teks een van die belangrikste doelwitte van die kanoniese vorming. Volgens Childs²⁵ was daar 'n kano-

niese intensionaliteit teenwoordig tydens elke vlak van kanoniserings om die teks toeganklik te maak vir opeenvolgende geslagte. As antwoord op die vraag oor die verhouding tussen Ou en Nuwe Testament bied Childs²⁶ 'n nuwe tipologiese benadering aan. Dit moet gesien word as 'n navolging van sowel Barth as von Rad²⁷. Childs noem dit 'n nuwe tipologie waar die uniekheid van die Ou Testament behoue bly. Dit verskil egter nie wesenlik van die benaderings van Barth en von Rad nie.

Uit die voorafgaande is dit duidelik dat Childs in 'n groot mate binne die invloedseer van sy mentors beweeg.

3 CHILDS SE VERHOUDING MET DIE HISTORIES-KRITIESE METODE

'n Tweede argument is die feit dat Childs nooit regdeur die ontwikkeling van sy benadering die historiese kritiek vaarwel toegeroep het nie. Daar was sekere fases van Childs waarin hy verder probeer beweeg het van die historiese kritiek. Dit is egter duidelik dat dié metode altyd 'n belangrike komponent van sy benadering gebly het. In Childs²⁸ se vroeë publikasies werk hy histories-krities. Dit is veral die vormkritiek en die tradisiekritiek wat Childs op uiters behendige wyse hanteer. Sedert 1960 is dit opvallend dat Childs die waarde van die voorgeskiedenis van 'n teks begin bevraagteken. 'n Tipiese uitspraak van Childs²⁹ gedurende hierdie tyd is die volgende: "The descriptive task which demands a certain disciplined use of historical tools must be done, but no real clarity has emerged on how one goes beyond this to enter into the full theological dimension. The possibility of genuine theological exegesis has been destroyed from the outset".

Teen 1970 het Childs ontwikkel van 'n voorstander van die tradisie-historiese metode tot 'n voorstander van die kanoniese benadering. Dit sou veral duidelik wees in sy epogmakende werk *Biblical theology in crisis*³⁰. In hierdie werk reageer hy skerp teen die *Biblical Theology Movement* en stel hy 'n nuwe Bybelse teologie voor met die kanon as konteks. Hierdie werk van Childs moet as 'n reaksiegeskrif gesien word. In redelike sterk taal word die bydrae van die voorgeskiedenis tot die verstaan van 'n teks afgewys in teenstelling met die teologiese waarde wat die finale vorm van die teks het. Childs slaag egter nie in hierdie werk om die spanning tussen die kanoniese konteks en die oorspronklike historiese konteks opgehef te kry nie. Een van sy studente maak die opmerking dat daar nie werklik 'n hartsverandering by Childs plaasgevind het nie. Dit wat Childs van voorneme was om homself ten doel te stel slaag hy nie in nie. Sheppard³¹ is van

mening dat Childs op dié stadium steeds 'n Bybelse teologie bedryf op 'n nie-kanoniese wyse waarin die voorgeskiedenis van die teks steeds 'n rol speel. Hierdie stelling van Sheppard word veral onderstreep in die wyse waarop Childs die historiese kritiek in sy Eksoduskommentaar³² hanteer.

Dit is duidelik dat Childs in sy Eksoduskommentaar nie daarin slaag om die invloed van die historiese kritiek te negeer nie. Alhoewel Childs te kenne gee dat hy sinkronies werk, is dit belangrik om daarop te let dat hy deurentyd die resultate van 'n diakroniese rekonstruksie van die teks in gedagte hou. In my proefskrif³³ gee ek aandag aan die wyse waarop Childs die historiese kritiek hanteer. In 'n gedeelte soos byvoorbeeld Eksodus 3:1-4:17 gebruik Childs³⁴ onder andere literêre kritiek. Hy toon aan dat die gedeelte nie 'n eenheid vorm soos Noth dit wil hê nie, maar dat daar sprake is van 'n goddelike en 'n menslike perspektief. Deur gebruik te maak van bronnekritiek toon Childs³⁵ aan dat die aanwesigheid van die J en E bronne die rede is vir die doeblette in verse 3:7-8, 9 en 12. Childs³⁶ gebruik in die derde plek vormkritiek om 'n antwoord te probeer kry op die vraag tot watter *Gattung* die gedeelte behoort. Tradisiekritiek word byvoorbeeld deur hom ingespan om die betekenis van die brandende bos te bepaal.

In sy twee inleidings *Introduction to the Old Testament as Scripture* (1979) en *The New Testament as Scripture: An introduction* (1984), word volledig in elke hoofstuk aandag gegee aan die histories-kritiese vrae wat ter sprake is. Dit is veral in sy inleiding op die Ou Testament dat Childs die plek van die kritiese metode binne sy eie benadering aantoon. Hy gebruik die kritiese metodes om op die finale vorm van die teks te fokus. Childs gee hiermee erkenning aan die bydrae wat die historiese kritiek tot sy eie benadering maak. In 1992 verskyn *Biblical theology of the Old and the New Testament*. In hierdie werk is daar nie veel te sien van die negatiewe retoriek ten opsigte van die histories-kritiese metode soos wat byvoorbeeld die geval was met *Biblical theology in crisis* (1970) nie. Intendeel, daar word in redelike vleiende taal na die bydrae van die histories-kritiese metode verwys: "... it remains an undeniable contribution of the historical critical method that it has greatly aided in discerning this special witness ..."³⁷. Childs³⁸ ontken dus dat die kanoniese benadering nie veel maak van die diakroniese dimensie van die teks nie. In retrospektief gesien het die benadering van Childs homself nooit kon losmaak van die histories-kritiese metode nie.

Die kanoniese benadering van Childs maak in 'n groot mate van die resultate van die histories-kritiese metode gebruik. Dit moet egter bygesê word dat hierdie metode nie deur Childs op 'n ortodokse wyse gebruik

word nie. Childs wend die historiese kritiek op 'n eiesoortige wyse aan. Dit word nie deur die kritici van Childs raakgesien nie. Vir Childs³⁹ vervul die histories-kritiese metode dus 'n belangrike taak in sy eie eksegetiese metode. Childs gebruik dié metode om by 'n teologiese lees van die teks uit te kom. Van die begin tot die einde van sy eksegetiese proses bestudeer Childs⁴⁰ die kanoniese vorm van die teks met onder andere sy historiese en literêre vorming in die oog. Reeds voor die publisering van Childs se Eksoduskommentaar (1974) merk Vawter⁴¹ die volgende op: "Childs is not at all out to abandon the historic-critical method, he only wants it to be extended to all Scripture through the dialectical process of interpretation made possible by the concept of a canon".

Ten diepste het die benadering van Childs sy wortels in die vormkritiek en die tradisiekritiek *ala* Gerhard von Rad. Daar kan dus nie met die kritici van Childs saamgestem word wat beweer dat hy a-histories werk nie. In hierdie verband moet veral die name van Barr en Barton genoem word. Dié twee teoloë het 'n groot aandeel in die feit dat Childs geëtiketteer word asof hy 'n a-historiese benadering sou volg. Barr⁴² is veral bekommerd oor die feit dat Childs die rol wat die historiese kritiek in die lees van 'n teks speel, marginaliseer. Die aspek van wat werklik gebeur het, gaan volgens Barr om hierdie rede verlore. Barton⁴³ sien Childs vanuit 'n literêre perspektief en vergelyk Childs met die *New Critics* en die strukturalisme in die algemeen. Volgens Barton⁴⁴ werk Childs pre-krities. Sowel Barr as Barton gee nie genoeg erkenning aan die wesenlike rol wat die historiese kritiek in die benadering van Childs speel nie.

Die kritici van Childs hou ook nie tred met die ontwikkeling wat daar binne die kanoniese benadering plaasgevind het nie. Daar word van die veronderstelling uitgegaan dat Childs a-histories werk bloot op grond van die wyse waarop hy hom uitspreek teen die verabsoluttering van die historiese kritiek in sy werk *Biblical Theology in Crisis* (1970).

4 KONKLUSIE

Die vraag of Childs 'n paradigmaskuif maak, moet dus negatief beantwoord word. Childs het nie die teologiese sisteem waaruit hy ontwikkel het, ontgroei nie. Hy bevind hom nog steeds binne die dampkring van die historiese kritiek. Die mentors van Childs het 'n blywende indruk op hom gemaak. Barth en von Rad het steeds 'n groot invloed op hom. Dit het duidelik na vore gekom in die rol wat die histories-kritiese metode steeds in die kanoniese benadering speel. Ten diepste is die benadering van Childs nie 'n nuwe metode nie. Childs se benadering verteenwoordig nie 'n skuif weg van die kritiese na 'n post-kritiese paradigma nie.

Die kanoniese benadering het nie net sy wortels in die vormkritiek en die tradisiekritiek nie, maar ook in die eksegetiese styl van die Reformasie. In plaas daarvan dat daar in die geval van Childs gepraat word van 'n paradigmaskuif moet daar eerder gepraat word van 'n klemverskuiwing. Childs se benadering beantwoord nie aan die voorwaardes wat nodig is om dit te tipeer as 'n paradigmaskuif nie. Die betekenis van 'n paradigma kan volgens Kuhn⁴⁵ omskryf word as dié van 'n eksemplaar of probleemoplossingsmodel waardeur die wetenskaplike die deel van die werklikheid wat hom interesseer, benader. So 'n paradigma kan ook gesien word as 'n verwysingsraamwerk, 'n navorsingstradisie wat op duidelike en bepaalde implisiete voorveronderstellings berus. Die ontwikkeling van 'n wetenskaplike denkklimaat volg altyd 'n bepaalde patroon. Hierdie fase kan in een of ander krisis kom. Dit lei op sy beurt tot 'n revolusie of breuk wat net deur die koms van 'n alternatiewe paradigma herstel kan word. So 'n revolusionêre fase in die wetenskapsgeskiedenis word gekenmerk deur die oorboordgooi van vertroude teorieë, die raaksien en bestudering van nuwe probleme, die aanvaarding van nuwe kriteria in die toetsingsproses en die totale herinterpretasie van bestaande gegewens.

In die lig van hierdie omskrywing van 'n paradigmaskuif, is die gevolgtrekking dat Childs se benadering nie 'n paradigmaskuif verteenwoordig nie. Dit sou grootliks afhang in watter mate die benadering van Childs in staat is om beter resultate te lewer as die histories-kritiese metode. Die benadering van Childs is nie in sy geheel oorspronklik nie. Childs steun nog in 'n groot mate op die historiese kritiek. Om hierdie rede moet die benadering van Childs gesien word as behorende tot die dieselfde omgewing as die tradisionele historiese dissiplines. Dit verskil nie in metode nie, maar wel in skopus. Childs bevind hom na aanleiding van die definisie van Kuhn nog in die normale wetenskapsbeoefening. Daar bestaan dus nie redes om met Oeming⁴⁶ saam te gaan dat die benadering van Childs 'n paradigmaskuif verteenwoordig nie.

NOTAS:

- 1 Hierdie artikel is 'n uittreksel uit 'n DD-proefskrif, *Die kanoniese metode van B S Childs*, wat onder leiding van prof W S Prinsloo in die Departement Ou Testament, Fakulteit Teologie (B), Universiteit van Pretoria, voltooi is.
- 2 In hierdie verband het die volgende artikels verskyn: P M Venter, "Die kanonbegrip as Bybels-teologiese probleem", *HTS* 43(1987), 755-768; N A Janse van Rensburg, "n Samevatting en kritiese evaluasie van B S Childs se kanoniese benadering", *Skrif en Kerk* 9/1 (1988), 22-32; H L Bosman, "The validity of Biblical theology. Historical description or hermeneutical 'Childs' play?", *OTE* 3 (1990), 133-146; P H Voight, "n Kritiese evaluering van die

- kanoniese benadering van Brevard Childs”, *NGTT* 32 (1991), 561-573; H Krüger, “The canon critical approach as a means of understanding the Old Testament”, *OTE* 7 (1994), 181-197.
- 3 B S Childs, *Biblical theology in crisis*, Philadelphia 1970, 99-114.
- 4 B S Childs, “The exegetical significance of canon for the study of the Old Testament”, *Ninth IOSOT Congress Volume*, Göttingen 1977, ed. J A Emerton, *Supplement to Vetus Testamentum* 29 (1978), 66-80.
- 5 B S Childs, “The canonical shape of the prophetic literature”, *Interpretation* 32 (1978), 53.
- 6 ’n Bewys hiervan is die uiteensetting van talle benaderings soos dit aangewend word om tekste te lees in *OTE* 7/4 (1994).
- 7 G F Claassen, Die kanoniese benadering van B S Childs, Ongepubliseerde doktorsale proefskrif, Pretoria 1996.
- 8 B S Childs, “Karl Barth as interpreter of scripture”, in: *Karl Barth and the future of theology: A memorial colloquium*, (ed. D L Dickerman), New Haven 1969, 32.
- 9 P D Miller, Review of *Biblical theology in crisis*, by B S Childs, *JBL* 90, 209-210.
- 10 K Barth, *Die Lehre von Gott. Die kirchliche Dogmatik*, Zollikon 1942, 109-110.
- 11 Barth, *a w*, 1942, 103.
- 12 Barth, *a w*, 1942, 104.
- 13 B S Childs, “Interpretations in faith: the theological responsibility of an Old Testament commentary”, *Interpretation* 18 (1964), 437.
- 14 B S Childs, *Myth and reality in the Old Testament*, Naperville, Illinois in: Alec R. Allenson (ed), *Studies in Biblical Theology* volume 27 (1960), 104.
- 15 Childs, *a w*, 1960, 81-82.
- 16 G M Landes, “Biblical exegesis in crisis: What is the exegetical task in a theological context?”, *Union Seminary Quarterly Review* 26 (1971), 286.
- 17 K Barth, *Die Lehre von Gottes. Die kirchliche dogmatik*, erster halbband, Zurich 1939, 492-494.
- 18 B S Childs, *Biblical theology of the Old and the New Testament. Theological reflection on the Christian Bible*, Philadelphia 1992.
- 19 B S Childs, “Gerhard von Rad in American dress”, in: D M Miller (ed), *The hermeneutical quest: Essays in honor of James Luther on his sixty-fifth birthday*, Pasadena 1986.
- 20 G von Rad, “Typologische Auslegung des alten Testaments”, *Evangelische Theologie* 2 (1952), 6-33.
- 21 G von Rad, *Theologie des Alten Testaments. Die Theologie der geschichtlichen Überlieferungen Israels*, Band 1, München 1958, 111.
- 22 G von Rad, *Theologie des Alten Testaments: der teologie der prophetischen Überlieferungen Israels*, Band 11, München 1961, 45.
- 23 B S Childs, *Introduction to the Old Testament as scripture*, Philadelphia 1979, 78.
- 24 Von Rad, *a w*, 1961, 6.
- 25 B S Childs, *The New Testament as canon: an introduction*, Philadelphia 1984.
- 26 Childs, *a w*, 1960, 81-82.

- 27 Von Rad, *a w*, 1952, 6-33.
- 28 B S Childs, "The enemy from the north and the chaos tradition", *JBL* 78, (1959), 187-198.
- 29 Childs, *a w*, 1964, 437.
- 30 Childs, *a w*, 1970.
- 31 G T Sheppard, "Canon criticism: the proposal of Brevard Childs and the assessment for evangelical hermeneutics", *SBT* 4 (1974), 9.
- 32 B S Childs, *The book of Exodus: a critical theological commentary*, Philadelphia 1974.
- 33 Claassen, *a w*, 1996, 48.
- 34 Childs, *a w*, 1974, 71.
- 35 Childs, *a w*, 1974, 52.
- 36 Childs, *a w*, 1974, 55-54.
- 37 Childs, *a w*, 1992, 185.
- 38 Childs, *a w*, 1992, 100.
- 39 Childs, *a w*, 1984, 48.
- 40 Childs, *a w*, 1974, 61-87.
- 41 B Vawter, "Review of Biblical theology in crisis by B S Childs", *Biblica* 52/4 (1971), 570.
- 42 J Barr, "Childs' Introduction to the Old Testament as scripture", *JSOT* 16 (1980), 14-15.
- 43 J Barton, *Reading the Old Testament. Method in Biblical study*, London 1984, 133.
- 44 J Barton, "Classifying Biblical Criticism", *JSOT* 29 (1984), 28.
- 45 T S Kuhn, *The structure of scientific revolutions*, Chigaco 1962.
- 46 M Oeming, *Gesamtbiblische Theologien der Gegenwart. Die Verhaltnis von Alten Testament und Neue Testament in die hermeneutische Diskussion seit Gerhard von Rad*, Mainz 1985, 192.